Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 06/03 2020

Geagte Ouers/Voogde

1. **Kopieerkoste:**
   Hiermee 'n dringende en laaste versoek aan ouers wie se kopieerkoste vir 2020 uitstaande is, om dit te betaal. HS McLachlan moet maandeliks ±R20 000,00 aan OMNI Technologies betaal vir die huur van fotostaatmasjiene en papier. Ons het die afgelope jaar geen finansiële ondersteuning van die Departement van Onderwys ontvang nie. Hoe is McLachlan veronderstel om kwaliteit onderrig aan leerders te verskaf indien ouers nie hulle finansiële verpligting teenoor die skool nakom nie? Die skool wil nie leerders in die verleentheid stel deur nie aan hulle addisionele leermateriaal te verskaf nie. Indien die uitstaande kopieerkoste nie teen 20 Maart 2020 betaal is nie, sal die betrokke leerders ongelukkig nie verder fotostate kan ontvang nie.

2. **CAMI-klasse:**
   CAMI-klasse (Wiskunde, Afrikaans en Engels vir gr. 4- tot 7-leerders).
   Dinsdae: 14:15 tot 15:00
   Donderdae: 14:15 tot 15:00

   Reël met juf. Riana, om vordering in die vakke te maak. Hierdie klasse moet vir 'n kwartaal lank gereeld bygewoon word.

3. **Ekstra Wiskundeklas:**
   Ekstra Wiskundeklasse sal op Woensdag, 11 Maart, direk na skool tot 15:00 plaasvind.
   Graad 6 & 7 Mnr. Terblanche
   Graad 8 & 9 Me. Hatton-Jones
   Graad 10 tot 12 Mnr. Schlechter

4. **Ekstra Visuele Kunsteklas:**
   Daar word Woensdae ekstra kunsklasse in juf. Kritzinger se klas vanaf 14:15 tot 15:15 aangebied. Hierdie klasse is slegs vir graad 10-12-Visuele Kunste-leerders.

5. **Makietie: 8 April 2020:**
   Enige kind van gr. 1-12, wat lus het om aan die makietie deel te neem, is welkom. Enige toertjies, voordrag, kort konsertjie, sang, dans, voorlesing … is welkom. Ouers en kinders kan saam optree. Vul die afskeurstrokie aan die einde van die nuusbrief in en stuur dit asseblief so gou as moontlik terug na juf. Marietjie Strydom.

6. **Despatch Kunsfees:**
   Enige leerder wat belangstel om deel te neem moet asseblief 'n inskrywingsvorm by juf. Janine kom haal. Leerders kan inskryf vir die volgende afdelings:

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- Voordrag: (gedigte, prosa, monoloog, toneel, dialoog, improvisasie, spreekkoor, mimiek, dansdrama)

  Inskrywingsgeld: R25 per leerder.
  Sluitingsdatum: 16 Maart 2020

- Kuns en fotografie: (teken, skilder, vrye sketse)
  Inskrywingsgeld: R25 per leerder.
  Sluitingsdatum: 10 April 2020

7. **WEN 'n KIA-PICANTO (2020)-fondsinsamelingsprojek:**
   Inbetaling word by die registeronderwysers gedoen. Die laaste datum van inbetaling is **15 Mei 2020**.

   Neem kennis:
   - ✓ U as ouer is verantwoordelik vir die boekie en indien u dit verloor, sal u aanspreeklik gehou word vir die inbetaling van R500.
   - ✓ Leerders wat 'n tweede boekie wil verkoop, kan daarvoor vra na die eerste inbetaling.
   - ✓ Die wenner van die Kia-Picanto (2020) word in Augustus aangewys.

8. **Karoo 2 Coast – fietswedren: 20 September 2020:**
   Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R800 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

9. **Grannor Passi-projek:**
   Hoërskool McLachlan loods weer in 2020 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is **019**. Hierdie is 'n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet met hierdie projek sal u 'n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

   Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende 'n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons die voortbestaan kan verseker.

10. **Sportnuus**:

    - Wittedrift Sportdag:
      Saterdag, 7 Maart, neem die 0/14- tot 0/18-netbalspanne en 0/19-rugbyspan deel aan Hoërskool Wittedrift se jaarlikse sportdag. Sterkte aan al die spanne wat deelneem en hou McLachlan se naam hoog met julle mooi maniere en dissipline.

      Bustye:

Misgund	-	4:00
Louterwater	-	4:15
Krakeelrivier	-	4:30
Skool	-	4:45
Ravinia	-	5:00

    - Atletiek:
      Sterkte aan die atlete wat deelneem aan die LS Sarah Baartman-atletiekbyeenkoms.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- 0/13-Toerspan:
  Op 14 Maart speel die 0/13-rugbyspan teen Laerskool Douglas, ‘n toerspan van die Noord-Kaap. Almal is welkom om die span te kom ondersteun. Tye sal later deurgegee word.

  18 Maart speel die 0/13 netbalspan teen Laerskool Douglas.

- Hoërskooltennis:
  Wedstryd:
  Seuns: Do.12 Maart: Humansdorp Sekondêr (weg)
  Dogters: Wedstryde sal met hul gereël word.

- Krieket:
  Vandag het die volgende spelers aan die 0/11- en 0/13-proewe gaan deelneem:
  Farrel Goeda
  AJ Theron
  Pieter Strydom
  Kevin Kennedy
  Marlu Kritzinger

11. **#Imagine:**
    Die #Imagine koors loop al hoog. Leerders is tans besig om hulle geld bymekaar te maak met borge, huiswerkies en donasies. Ouers en vrywilligers wat kan help as volwassenes is welkom om met ons kontak te maak.Ons soek ook asb. tente vir die naweek om te leen. Kontak mnr. Schlechter by 072 0203 713.

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

AFSKEURSTROKIE:

MAKIETIE: 8 APRIL 2020:

Naam en van: _____ Graad: _____

Item(s): _____

TOESTEMMING VAN OUER: _____

INTERNET GENERATION
Igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

INTERNET GENERATION
Igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit